# DIE SKADUKOL

Volume 50




Hi Bosvelders

Ongelukkig moet ek erken dat ek werklik nie meer tyd het om 'n volledige Skadukol kan publiseer nie.
Ek het ongelukkig net te veel dinge op my furk die laaste ruk en kom nie by alles uit nie.
Daar word wel nogsteeds vereis dat belangrike inligting deur middel van 'n nuusbrief na die lede versprei moet word, dus dan die klein nuusblad.
Daar gaan nie so baie brokkies, fotos of selfs mooi voorblaaie wees nie. Slegs twee bladsye met al die relevante inligting vir die kwartaal wat voorlê en terugvoering wat reeds gebeur het.
Indien iemand dalk dan wil intree as die klub se Redakteur en die Skadukol dan weer 'n volle publikasie maak, kontak my gerus.
Ek sal al die uitlegte, prente en grafiese ontwerpe vir julle gee. En my advies en raad is ook verniet...
Indien daar niemand na vore kom nie, sal hierdie blad maar ongelukkig moet voldoende wees soos hy tans is.
Ek wil ook dan versoek dat ons die WhatsApp groep moet gebruik om verjaarsdae, huweliks herdenkings en lief en leed met mekaar te deel. Dit sal in elk geval beter wees as om dit een keer per kwartaal as ou nuus op 'n nuusbrief te sien.

Bosveldgroete

Roelf & Lizelle

Vir diegene wat nie deel wil wees van die "kletsgroep" nie, stoor asseblief my nommer (082 689 6519) op jul fone, en stuur die woord "Broadcast" na my toe.
Julle sal slegs dan belangrike inligting van my af deurkry.

SAWA Webtuiste www.sawa.org.za | SAWA Bosveld Webtuiste | SAWA Bosveld Facebook | Gaan Like Ons | 082 689 6519 SAWA Bosveld WhatsApp groep




Die **Verlede** is waar jy die les geleer het
Die **Toekoms** is waar jy die les toepas
Moenie in die **Middel** opgee nie

**Amptelike Nuusbrief van:**

S.A.W.A. S.A.C.A. BOSVELD

S.A.W.A. BOSVELD

## Jaarprogram 2015




### DRIE BERGE KARAVAANPARK

Tema: Algemene Jaarvergadering
Datum: 21 - 23 Augustus 2015
Koste: R 560.00 per staanplek
Kampkommandant: Roelf & Lizelle Brewis

### Wesvaal Vakansie Oord

Tema: Hengel Naweek
Datum: 18 - 20 September 2015
Koste: R 420.00 per staanplek
Kampkommandant: Theo Senekal & John Wardley

### Buffelspoort ATKV CONFERENCE RESORT

Tema: Kongres
Datum: 16 - 18 Oktober 2015
Koste: Sien Besprekingsvorm
Kampkommandant: Streek Bosveld

### DUBE Private Game Reserve

Tema: Afsluiting
Datum: 6 - 8 November 2015
Koste: Sal aangekondig word
Kampkommandant: Roelf Brewis & JJJ j/v Rensburg



**SAWA Bosveld Bank Besonderhede:**

**Standard Bank Montana**
**Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld**
**Rekening Nommer: 20-03-93-32-4**
**Tak Kode: 01-5945-00**
**Tipe Rekening: Tjek**
**Fax Nommer: (012) 252 7934**

# Uit die van die Voorsitter

Hi Bosvelders.
Aangesien ons nie meer die volledige Skadukol publiseer nie, gaan ek sommer die kampe se nabetragings in my verslag in werk.
Ons begin by Klein Paradys die naweek van 29 tot 31 Mei.
Talbot van Rooyen en Jannie Erasmus was ons kampkommandante vir die naweek gewees, en die tema was Potjiekos Kompetisie.
Daar was heelwat inskrywings, en heelwat gaste wat ook die saamtrek bygewoon het. Die Potjie beoordelaars het hul werk vir hulself uitgeknip gehad, en ek is bly dat ek nie 'n in hul skoene was nie. Uiteraard kon daar net een persoon Koning van die Potjie kraai en dit was Lucas Buys met sy Beesstert Potjie.
Talbot en Jannie het ook speletjies aangebied, maar terselfde tyd was baie van die lede by die Boeremark in Brits.
Ek was ook gelukkig genoeg om 'n vettie van 'n Karp uit trek die Saterdag oggend... 'n bielie van 6.4 kg...
Dit was werklik 'n baie lekker naweek gewees. Dankie aan almal wat gehelp het met die reël van die naweek.
Dan was daar die Manyane Saamtrek vanaf 19 tot 27 Julie Alhoewel ons nie so groot groep soos altyd was wat die saamtrek bygewoon het nie was dit nogsteeds baie lekker.
In totaal was ons net 29 waens, waar ons gewoonlik 60 plus waens is met hierdie saamtrek.
Tydens die seniorburger saamtrek was daar weer die sjampanje "brunch" Donderdag oggend, en ek verstaan dat dit 'n reuse sukses was.
Baie dankie vir Oom Buks en Tannie Lettie Möller en Oom Neels en Tannie Leonie Roodt, ons seniorburger kampkommandante.
Ek en Roelf snr was Kampkommandante tydens die naweek.
Baie dankie aan almal wat deel was van die reël van die saamtrek.
Van ons was darm gelukkig genoeg om die groot 5 te kon kry, en diegene wat Pilanesberg ken weet hoe skaars die Buffels daar is. Al die fotos was op die kamp groep gedeel, en sekere mense het gedink dat ek die fotos uit die Wegsleep geneem het...
Ek belowe dit was my selfoon saam met die vêrkyker...
Dit bring my dan by ons volgende kamp: Ons AJV by Drie Berge.










Kontak: Stefnie Viljoen 079 394 6033 stefniev@gmail.com





Ek wil julle vra, kom kamp asseblief saam. Dit is jul kans om jul sê te sê en saam te wees waar die groot besluite gemaak word. Al die inligting is op die voorblad beskikbaar, maar as julle meer inligting verlang, kontak my gerus.
Dan kom ek by die groot een... Kongres 2015...
Ek wil julle mooi vra, kom help ons asseblief. Ons het soveel hande as moontlik nodig. Dit gaan werklik nie 'n rustige naweek by Buffelspoort wees nie, maar hoe gaan die spreekwoord... vele hande, ligte werk...
Kom ons wys SAWA Suid-Afrika wat is Streek Bosveld.
Ek het reeds die besprekingsvorms deurgestuur, maar indien julle dalk nie een gekry het nie, laat weet my asseblief dan stuur ek dit weer deur.
Ek wil ook aan elkeen wat siek of in die hospitaal was sterkte en spoedige herstel toewens, digene wat geliefdes verloor het aan die dood, my innige simpatie en meedeling , en ook aan almal wat verjaarsdae gevier het en nog gaan verjaar veels geluk wens.

Tot volgende keer onder die Skadu
Bosveldgroete
Roelf

Kontak Besonderhede van Bestuurslede:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter: | Roelf Brewis | 082 689 6519 | rbrewis.rio@gmail.com |
| Onder-Voorsitter: | Theo Senekal | 084 657 6369 | theos@execmail.co.za |
| Sekretaresse: | Martie Smit | 082 411 6906 | mmesmit@telkomsa.net |
| Penningmeester: | Hettie Brewis | 082 442 2671 | hbrewis.rio@gmail.com |